
# Volle Evangelie Kerk PE Noord Sel-Gemeente

Kwartaalblad Uitgawe Nr 73 Aug 2025 – Okt 2025






Pastoor Dion, Meryll, Danzel, Lucinda, Meredith en Robbie

## Geliefdes in Christus

Ek groet elkeen van u in die Wonderlike Naam van onse Here Jesus Christus. Vertrou dat dit met jou goedgaan.

Met die nuwe kwartaal wat voor ons lê is ek saam met u opgewonde oor dit wat vir ons voorlê.

Johannes 11:40” **Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?**

Dit is Jesus wat vir Martha sê dat as sy glo sal sy die heerlikheid van God sien.

Omdat u glo vertrou ek dat die heerlikheid van God sal seevier in u lewe in die kwartaal wat voorlê.

Elke uitdaging sal wees tot Sy Heerlikheid.

Verder bid ek dat dit met jou en jou huis goed sal gaan en mag jy ‘n volheidslewe in Hom ervaar.

**Liefde in Christus**

Pastoor Dion, Meryll, Danzel, Lucinda, Robbie en Meredith



**Gemeente Leraar PE Noord**
**Posbus 14055 - Suttonweg**
**Sidwell - Port Elizabeth - 6061**
**Tel: 087 153 1901 (k)**
**epos: info@penoordvek.co.za**
**webadres: www.penoordvek.co.za**
**facebook: https://www.facebook.com/1812545702328215/**

# WAT KOM

P.E. Noord North

25 Suttonweg Sidwell Port Elizabeth
info@penoordvek.co.za

# Doopdiens

## 14 September 2025
## om 09h00

**Indien u graag gedoop wil word, kontak ons asb voor 7 September 2025**

*Almal is Welkom*

# WIC
## Walking in Christ

**Hello Mooie Tieners en Ouers!**

Kwartaal 3 is hier!

Ons wil uit die diepte van ons harte dankie sê aan ons Hemelse Vader vir Sy trou, seëninge en die oorvloedige oes wat ons tans by die Jeug beleef.

Die WIC Jeug Kinders is werklik besonders – elke kind is ’n kosbare geskenk, en ons is opreg dankbaar vir hul betrokkenheid.

Ons bid en vertrou dat hierdie Kwartaal ’n tyd van groei, genade en nuwe hoogtes vir ons Jeug sal wees. Mag God voortgaan om elkeen ryklik te seën!

Jeug Vrydae aande bestaan uit lofsang, die Woord en ook pret vir ons kinders! Moenie laat u kinders uitmis hierdie Kwartaal nie. Stuur hulle Jeug toe! Graad 7 tot Graad 12 Vrydae aande vanaf 18:00 - 20:00.

Mag Jesus elke familie seën en veilig hou deur hierdie Kwartaal.

Jesus Liefde

WIC Jeugraad



# GEMEENTEBLAD

## FINANSIËLE PERSPEKTIEF
## PE NOORD – FINANS KOMITEE

**Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.**

Vir die periode April tot Junie 2025 was ons uitgawes 8.6% meer as ons inkomste. Tekort vir oorstemmende tydperk 2024 was 8.2%.
Uitgawes het met 3.4% gestyg, en inkomste met 16.7% gedaal teenoor die vorige kwartaal.
Uitgawes is konstant en word met groot oorleg bestuur en tot minimum beperk.
Inkomste sal dus moet verhoog om tekort uit te wis.
Ons glo en vertrou dat ons finansiele posisie in die 2de helfte van 2025 sal verbeter.
Baie dankie aan elkeen van u wat so getrou is met u tiendes en offergawes en sodoende 'n bydra gelewer het om hierdie finansiële uitdaging te herstel.
Bid en vertrou saam met ons nie net vir die volhoubaarheid van ons gemeente nie, maar ook vir vooruitgang.

**2 Korinthiers 9:7 "Want God het 'n blymoedige gewer lief"**

Herman Vosloo
**Voorsitter Finansiële Komitee**

EFT en Debietorders is baie welkom aangesien ons daar heelwat spaar op bankkoste. Indien u meer wil weet in verband met EFT of Debietorder inbetalings skakel gerus met die kerkkantoor.

BANKBESONDERHEDE:
REKENING NAAM: VOLLE EVANGELIE KERK PE NOORD KERKRAAD
REKENING NOMMER: 1400940815
TAKKODE: 632005
BANK: ABSA

VERWYSING: JOU NAAM EN WAARVOOR INBETALING IS BV. TIENDE

## SEL-LEIERS













